

**28 Januarie**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 7:1-14**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 7:1**

### **Melgisedek – koning en priester tegelyk**

Jesus was Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek (Ps 110:4; Heb 5:6,10,20 en 7:11,17). Hy was 'n geheimsinnige figuur, dié Melgisedek. Deur te weet wie hy was en wat hy gedoen het verstaan ons die werk en amp van ons Hoëpriester, Jesus, beter.

Wie was Melgisedek dan? Abraham het hom na 'n suksesvolle veldslag teen vyandige konings ontmoet (Genesis 14:18). Hy het 'n tiende van sy oorlogsbuit aan Melgisedek afgestaan. Abraham is deur hom geseën. Melgisedek was dus meer as Abraham, want die meerdere ontvang dankoffers en hy kan ander seën. Wat opvallend van hom was, is dat hy koning en priester tegelyk was en in albei was hy die meerdere. Daarin was hy 'n tipe van Christus wat later sou kom en meer sou wees as Melgisedek – Hoëpriester en Koning bo alle mense en engele.

Die naam Melgisedek en die naam van die stad waaroor hy koning was sê watter tipe mens Melgisedek was: koning van geregtigheid en koning van vrede. Jesus het later aan die geregtigheid van God voldoen en vrede gebring. Die geheimsinnige priester Melgisedek was nie uit die stam van Levi nie. En wat meer is, die Skrif maak niks van sy ouers of stamverband bekend nie. Ook oor sy sterfdag swyg die Bybel. Hy bly iets van 'n "onsterflike figuur" wat 'n bepaalde orde daarstel: Koning-priester vir altyd.

Christus Jesus was nog meer as hy. Hy het mens geword en Hom as ewige Koning en enigste Hoëpriester bekend gemaak. Hy is uniek, deur God aangewys, Hoëpriester uit die koningstam van Juda. Hy is die Seun van God, van ewigheid tot ewigheid daar.

*Sing: Psalm 110:1,5*

*Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)*